

7 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 27-28

Fokusgedeelte: Esegïel 28:25-26

God alleen bring herstel

Esegïel 27 en 28, wat ons fokusgedeelte voorafgaan bevat drie uitsprake teen Tirus en een teen Sidon. Tirus en Sidon was twee van die belangrikste hawestede in die destydse Foenisië met wie Israel handelsbande gehad het. Oor hierdie twee stede word God se oordeel ook vir hulle oortredinge teen God en sy volk uitgespel. Wanneer die oordeel hulle tref, sal hulle God se mag besef. God se volk sal dan egter ook tot die besef kom van hoe groot God se mag is. Die volk sou self in ballingskap vertrek, sonder enige menslike hoop op verlossing. Tussen die uitsprake teen die nasies kom dan die uitspraak dat God, op 'n stadium in die toekoms, die volk weer na hulle eie land sal terugbring. Dit sal weer die besef van God se mag en heerlijkheid by sy volk versterk. Die oordeel wat hulle sou tref was ter wille van God se eer – en so ook die herstel wat God sou bring wanneer alles vir die mens verlore lyk. Ter wille van sy eer sal Hy hulle terugbring om weer veilig in hulle eie land te woon. In Jesus Christus loop die lyne van God se oordeel en genade saam – die oordeel het Hom getref om vir ons die genade te verdien. Soms lyk dit of alles in 'n mens se lewe verkeerd loop – en selfs dan kan God op 'n wonderlike wyse uitkoms gee. In die moeilikste omstandighede denkbaar moet ons nooit vergeet dat God in beheer is nie.

Sing: Psalm 48:2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)